VOLKSDANSE

AKTIWITEIT 1 - BEGRONDING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die Here se bedoeling met die bestaan en voortbestaan van 'n volk se kultuurgoedere soos volksdanse by die kursusganger tuis te bring.

STANDAARDE
a) Dat die kursusgangers sal kennis neem van Skrifgedeeltes en Voortrekkerliteratuur wat van toepassing is.
b) Dat die kursusgangers 'n volk se kultuur sal verstaan en dit wat daaruit voortkom.

AKTIWITEIT 2: GROEPDINAMIESE PROSES

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te skakel by die groot sowel as die kleingroep.

STANDAARDE
(a) Dat alle kursusgangers mekaar leer ken.
(b) Dat die kursusganger die doelwitte van die kursus begryp en die metode van aanbieding verstaan om dit in sy kommando toe te pas.

AKTIWITEIT 3: VERSKILLLENDE DANSSTYLE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger inligting te gee oor dansstyle van toeka tot nou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger dansstyle ondersoek en besondere kenmerke daarvan bespreek.
(b) Dat die kursusganger 'n vergelyking maak tussen eietydse dansvorme en historiese dansvorme.

AKTIWITEIT 04: TRADISIONELE KLEREDRAG

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger aan ons volkseie drag bekend te stel en ook die van ander lande.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger oor tradisionele kleredrag kan gesels.
(b) Dat die kursusganger tradisionele kleredrag van ander lande kan uitken.
(c) Dat die kursusganger weet van goeie naslaanwerke.
(d) Dat die kursusganger kennis maak met ons eie volkseie kultuur.

AKTIWITEIT 05: DANSE AAN DIE KAAP GEDANS - DIE MINUETTE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger inligting te gee oor en bekend te stel met die Minuette as een van die dansvorme wat tydens die HOIK aan die Kaap gedans is.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kennis maak met met die oorsprong van die minuette .
(b) Dat die kursusganger die wat destyds gebruik is met die minuette bespreek.
(c) Dat die kursusganger die danspassies en musiek van die minuette sal aanleer.

AKIWIITEIT 6: MUSIEK EN DANS TYDENS DIE GROOT TREK

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger insig te gee in die ontstaan en geskiedenis van die verskillende dansvorme wat tydens die Groot Trek gedans is.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger kennis kan opdoen en belangstelling kan opdoen oor die ontstaan en die tradisionele dansvorme en die musiekbegeleiding daarby.
(b) Dat die kursusganger self dansvorme kombineer en nuwe outydse danse ontwikkel.
(c) Dat die kursusganger die dansvorme van die kontradans en kadriel ervaar en aanleer

AKTIWITEIT 07: EIETYDSE AFRIKAANSE MUSIEK EN PRETDANSE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat deel hê aan ons ryke musiekerfenis.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger 'n Bundel - Afrikaanse liedjies van toeka tot nou - tydens kursus gebruik.
(b) Dat tradisionele volksdanse en aangepaste jeugdanse beoefen word.
(c) Dat die kursusganger blootgestel word aan eie Afrikaanse sangers en eietydse musiek.

AKTIWITEIT 08: ANDER DANSVORME

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger bewus te maak van ander dansvorme.
Om die kursusganger bekend te stel aan die Outydse wals, die polka, seties en mazurka.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger ‘n basiese kennis van ander dansvorme sal opdoen sodat die kursusganger hom daaroor kan uitspreek.
(b) Dat die kursusganger positief beïnvloed word in die verband.

AKTIWITEIT 09: ONTSPANNING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in staat te stel om hom te kan verantwoord oor dans as vorm van ontspanning van toeka tot nou.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger deelneem aan tradisionele danse
(b) Dat die kursusganger verskillende dansvorme van ontspanning identifiseer.

AKTIWITEIT 10: AFRIKAANSE VOLKSPELE

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger te laat meedoen aan tradisionele volkspele, die geskiedenis en spesifikasies t.o.v. kleredrag.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger sal deelneem aan verskeie volkspele speletjies en dit sal aanleer indien hy dit nie alreeds ken nie.
(b) Dat die kursusganger 'n vergelyk tref tussen volkspele en outydse danse en waar die twee vorme mekaar ontmoet.
(c) Dat die kursusganger inligting ontvang oor of besoek bring aan 'n plaaslike volkspelelaer se aktiwiteite en of 'n laer uitnooi om die kursus te kom bywoon en 'n aantal spele te kom speel.
(d) Dat die kursusganger sal besef dat die Afrikaanse Volksang en Volkspele beweging ook 'n unieke Afrikaanse beweging is wat ons eie taal en kultuur wil uitbou en bewaar.

AKTIWITEIT 11: VOLKSFEESTE en die waarde van Volksdanse

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger 'n positiewe standpunt tov volksfeeste te laat inneem.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger 'n duidelike positiewe standpunt tov volksfeeste sal inneem en sal weet wat die kenmerke van 'n volksfees moet wees.
(b) Dat die kursusganger toegerus sal wees om die Afrikanerkultuur tov volksdanse uit te dra en aan te bied by volksfeeste wat hul daartoe leen.

AKTIWITEIT 12: TOEKOMSPERSPEKTIEF

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om 'n duidelike toekomsperspektief te sien.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusgangers sal weet wat die vereistes vir die voortbestaan van ons volksdanse is.
(b) Dat die kursusganger die toekomsverwagting van volksdanse evalueer teen die huidige tendense in die volkslewe.
(c) Dat die kursusganger gesprek voer met 'n duidelike toekomsperspektief tov volksdanse.

AKTIWITEIT 13: EVALUERING

SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger geleentheid te bied om die kursus te evalueer.

STANDAARDE
(a) Dat die kursusganger die kursus op die voorgeskrewe vorm sal evalueer.
(b) Dat die kursus op gepaste wyse afgesluit word.

HULPMIDDELS:

VIDEO EN OF DVD OPNAMES
CD'S:
LEKKERDRAAI 1 EN 2
LAURIKE RAUCH OU TANTE KOBA
ENIGE BOEREMUSIEK CD
ENIGE CD MET MINUETTE MUSIEK

BOEKE:
SOLANK DAAR MUSIEK IS : JAN BOUWS
ONS VOLKSPELE ERFENIS
D. TESIS M BURDEN

OUTYDSE MAZURKA

Nr. 11 Lekkerdraai nr. 2

Vorm 'n frontkring - beweeg in 'n kring

1. Na regs Trap trap hIp(2 MAZUKA PASSIES) 2x draai terug - na links - trap trap hop2x draai terug front na binne - herhaal 2 keer eindig die tweede keer om na binne te front.

2. Vorentoe wals,draai om na buitekring vorentoe wals draai om na binnekring herhaal 1e deel weer.

3. Hele kring vat hande en beweeg met mazurkapas na regs vir 8 tellings draai lyf sywaarts en kring beweeg na links vir 8 tellings

4. Herhaal 2 weer

5. Begin van voor met mazurka passies en nou gaan almal eers na vore met 2 mazurka passies en draai om rigting na buite beweeg nou na buite met 2 mazurka passies en draai om om na binne te kyk 2 wals passies na regs draai om twee wals passies na links draai regs.

6. Tussenspel
   Wals na binne met 4 walspassies. Draai onderdeur arms met nog twee walspassies wals uit met 4 wals passies en draai met baliegreep op eie plek in rondte

7. Herhaal die hele ritueel maar staan op een plek maw. 2 mazurka passies en draai op een plek - terwyl mazurkamaat uitgeklap word met beide hande - klap, klap bobene, eie hande en kliek met vingers. Herhaal - twee wals passies en draai op een plek

8. Herhaal 3, en 5 onderskeidelik

NR. 10 Lekkerdraai
Pretdans

Wag vir die eerste 8 mate vir die musiek terwyl daar "gees gevang" word.

Front kring
4 kort treetjies vorentoe terwyl regtervoet vorentoe opswaai - 4 kort treetjies agteruit terwyl linkervoet na agtertoe swaai

2 skuifpassies na regs en draai regs om 2 skuifpassies na links en draai links om

Refrein
1. Punt regtervoet na vorentoe, dan na regs - herhaal met linkervoet Herhaal hele proses na agterkant.
2. Skêrspronge vorentoe, regs, agtertoe en links - herhaal linksom.
3. "Twist" op een plek - gaan af en kom weer op.
4. Met boude agtertoe gee kort sprongetjie na regs, na agter , na links en weer na voor - herhaal anderkant om.

ROOIROK WALS
Nr. 12 Lekkerdraai nr. 2

Begin in frontkring met plasing van pare langs mekaar

1. Wag vir 4 mate wals in frontkring - agtermekaar - na regs met 2 wals mate draai regsom en wals - agtermekaar na links. (oorspronklike plek in kring)

2. 4 walspassies vorentoe in pare terwyl hande hoog opgeswaai word. Meisies draai onderdeur terwyl teruggedraai word. Wals met 4 walspassies na buitekant van kring en kyk weer na binne.

3. Pare draai wals met baliegreep na regs vir 4 wals passies. Meisies draai met 4 walspassies onderdeur seun se arm terwyl in looprigting gewals word - herhaal in looprigting.

4. Frontkring meisies met twee walspassies na vorentoe draai en kom terug tot langs maat. Seuns met twee wals passies na binne en kom terug.

5. Herhaal 3de frase

6. Elke tweede paartjie beweeg na binne en vorm eie klein kring terwyl die ander op plek met eie maats wals. Tweede groep beweeg ook na binne terwyl groep 1 terug beweeg na hulle oorspronklike plekke. Tweede groep wals in looprigting in klein kring.

7. Herhaal 3de frase terwyl in twee kringe gewals word.

8. Die meisies ruil maats met binnekring en andersom met 4 walsmates, die seuns ruil maats met binnekring en andersom met 4 walsmates sodat paartjies by oorspronklike maats uitkom.

9. Herhaal frase 3 terwyl binnekring na linkerkant (teen looprigting) wals en buitekring na regterkant (in looprigting)

10. Binnekring beweeg na buite en sluit aan by groot kring terwyl almal met draaiwals in die looprigting geweeg.

11. Herhaal frase 1 en 2 tot einde van musiek.